Hierdie dokument is belangrik en verg u onmiddellike aandag. Die stappe wat u moet neem word uiteengesit op bladsy 2 van hierdie omsendbrief.

Remgro

Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro" of "die Maatskappy")

Omsendbrief aan Remgro aandeelhouers

aangaande

- **die spesifieke terugkoop in terme van artikel 85 van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig, deur Remgro van sy eie aandele gehou deur Partnership in Mining Beperk, Tegniese Mynbeleggings Beperk and Remgro Investments (Eiendoms) Beperk, almal volfiliale van Remgro;**

---

en insluitend

- **'n kennisgewing van 'n algemene vergadering; en**
- **'n volmagvorm** *(blou)* **(slegs vir gebruik deur gesertifiseerde en "eie naam" gedematerialiseerde aandeelhouers).**

8 Februarie 2006

Borg

RAND AKSEPBANK
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk

Prokureurs

Hofmeyr

Hofmeyr Herbstein & Gihwala Inc.
Registrasienommer 1997/001523/21

Korporatiewe inligting

Sekretaris en geregistreerde kantoor

M Lubbe
Carpe Diem Kantoorgebou
Tegnopark
Stellenbosch, 7600
(Posbus 456, Stellenbosch, 7599)

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services 2004
(Eiendoms) Beperk
(Registrasienommer 2004/003647/07)
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Republiek van Suid-Afrika)

Prokureurs

Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ing
(Registrasienommer 1997/001523/21)
Sandown Valleysingel 6
Sandown
Sandton, 2196
(Privaatsak X40, Benmore, 2010)

Borg

Rand Aksepbank
('n afdeling van FirstRand Bank Beperk)
(Registrasienommer 1929/001225/06)
Merchant Place 1
Hoek van Fredman Rylaan en Rivoniastraat
Sandton, 2196
(Posbus 786273, Sandton, 2146)

Hierdie omsendbrief is beskikbaar in Afrikaans en Engels. Kopieë kan verkry word vanaf die geregistreerde kantoor van die Maatskappy en die oordragsekretaris by die adresse hierbo uiteengesit.

Inhoudsopgawe

Bladsy

Korporatiewe inligting Keersy van voorblad

Optrede verlang van aandeelhouers 2

Belangrike datums en tye 3

Definisies en uitleg 4

Omsendbrief aan Remgro aandeelhouers

1. Inleiding 6
2. Redes vir die spesifieke terugkoop 6
3. Die spesifieke terugkoop 6
4. Voldoende kapitaal 7
5. Wesenlike aandeelhouers 7
6. Wesenlike verandering 7
7. Belange van direkteure in Remgro aandele 7
8. Aandelekapitaal van Remgro 8
9. Litigasieverklaring 8
10. Verantwoordelikheidsverklaring van direkteure 9
11. Dokumente ter insae 9

Kennisgewing van algemene vergadering 10

Volmagvorm *(blou)* Aangeheg

Optrede verlang van aandeelhouers

Hierdie omsendbrief is belangrik en verg u onmiddellike aandag. Die stappe wat u moet neem word hieronder uiteengesit. Die uitleg en definisies vanaf bladsy 4 van hierdie omsendbrief word gebruik in hierdie gedeelte.

Indien u twyfel oor wat u te doen staan, raadpleeg asseblief onmiddelik u SEBD/makelaar, prokureur of ander professionele adviseur.

Indien u u Remgro aandele gedematerialiseer het, maar nie in u eie naam geregistreer het nie:

(a) Stemming by algemene vergadering

(i) U SEBD/makelaar is verplig om u te kontak soos voorgeskryf in die ooreenkoms tussen u en u SEBD/makelaar om vas te stel hoe u u stem wil uitoefen by die algemene vergadering en om daarna u stem volgens u instruksies uit te oefen.

(ii) Indien u SEBD/makelaar u nie gekontak het nie, sal dit raadsaam wees vir u om u SEBD/makelaar te kontak en hulle te voorsien van u steminstruksies.

(iii) Indien u SEBD/makelaar nie steminstruksies van u ontvang nie, is hulle verplig om te stem volgens die instruksies vervat in die ooreenkoms tussen u en die SEBD/makelaar.

(iv) U moet NIE die ingeslote volmagvorm (*blou*) voltooi nie.

(b) Bywoning van en verteenwoordiging by die algemene vergadering

Volgens die ooreenkoms tussen u en u SEBD/makelaar, moet u u SEBD/makelaar in kennis stel indien u verlang om die algemene vergadering persoonlik by te woon of 'n gevolmagtigde te stuur om u te verteenwoordig by die algemene vergadering, waarna u SEBD/makelaar die nodige magtigingsbrief aan u sal uitreik vir u of u gevolgmagtige om die algemene vergadering by te woon.

Indien u nog nie u Remgro aandele gedematerialiseer het nie of dit wel gedematerialiseer is en in u eie naam geregistreer is in die Maatskappy se subregister:

(a) Stemming, bywoning en verteenwoordiging by die algemene vergadering

(i) U mag persoonlik die algemene vergadering bywoon en daartydens stem.

(ii) Alternatiewelik mag u 'n gevolmagtigde aanwys om u te verteenwoordig by die algemene vergadering deur die aangehegde volmagvorm (*blou*), ooreenkomstig die instruksies daarin vervat, te voltooi en dit te stuur na die geregistreerde kantoor van die Maatskappy of die oordragsekretaris om ontvang te word nie later nie as 10:00 op Dinsdag 28 Februarie 2006.

Indien u verlang om u Remgro aandele te dematerialiseer, kontak asseblief u makelaar. Indien u al u Remgro aandele van die hand gesit het, moet hierdie dokument, tesame met die ingeslote volmagvorm (*blou*), onmiddellik oorhandig word aan die betrokke koper/oordragnemer van die aandele of die makelaar of ander agent wat die Remgro aandele names u van die hand gesit het.

Belangrike datums and tye

Omsendbrief gepos aan aandeelhouers op	Woensdag 8 Februarie 2006
Volmagvorms ingedien by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy nie later nie as	Dinsdag 28 Februarie 2006
Algemene vergadering om 10:00 op	Donderdag 2 Maart 2006
Publikasie van resultate van die algemene vergadering op SENS op	Donderdag 2 Maart 2006
Publikasie van resultate van die algemene vergadering in die pers op	Vrydag 3 Maart 2006

Definisies en uitleg

In hierdie omsendbrief en die meegaande dokumente, tensy anders aangedui of die sinsverband anders verg, sluit woorde in die enkelvoud die meervoud in, sluit enige verwysing na die een geslag die ander geslag in, sluit woorde wat op natuurlike persone dui regspersone in, en het die woorde in die eerste kolom die betekenis wat daar teenoor in die tweede kolom verskyn:

"besigheidsdag"	enige dag uitsluitend Saterdae, Sondae en amptelike publieke vakansiedae in Suid-Afrika;
"dematerialisasie" of "gedematerialiseer"	die proses waardeur sekuriteite gehou deur aandeelhouers omskep word of gehou word in elektroniese formaat as ongesertifiseerde sekuriteite en aangeteken word in 'n subregister van aandeelhouers deur 'n SEBD;
"die direksie"	die direksie van Remgro van tyd tot tyd;
"die filiale"	PIM, Remgro Investments en Tegmyn;
"gedematerialiseerde aandeelhouers"	aandeelhouers wat Remgro gewone aandele hou wat gedematerialiseer is volgens die vereistes van STRATE;
"gesertifiseerde aandeelhouers"	aandeelhouers wat Remgro aandele, verteenwoordig deur 'n aandelesertifikaat of ander titeldokumente, hou, welke Remgro aandele nog nie gedematerialiseer is volgens die vereistes van STRATE nie;
"hierdie omsendbrief"	hierdie omsendbrief, gedateer 8 Februarie 2006, sowel as die gepaardgaande dokumente;
"JSE"	JSE Beperk (registrasienommer 2005/022939/06), 'n publieke maatskappy ingelyf ingevolge die wette van Suid-Afrika en gelisensieer as 'n beurs in terme van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet 36 van 2004);
"laaste praktiese datum"	19 Januarie 2006, die laaste praktiese datum voor finalisering van hierdie omsendbrief;
"Noteringsvereistes"	die noteringsvereistes van die JSE;
"oordragsekretaris"	Computershare Investor Services 2004 (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 2004/003647/07), 'n privaatmaatskappy ingelyf ingevolge die wette van Suid-Afrika en die oordragsekretaris van Remgro in Suid-Afrika;
"PIM"	Partnership in Mining Beperk (registrasienommer 1963/001613/06), 'n publieke maatskappy ingelyf ingevolge die wette van Suid-Afrika en die voordelige eienaar van 14 079 239 van die tesourie-aandele;
"Remgro" of "die Maatskappy"	Remgro Beperk (registrasienommer 1968/006415/06), 'n publieke maatskappy ingelyf ingevolge die wette van Suid-Afrika en genoteer op die JSE;
"Remgro B aandele"	B-gewone aandele van 10 sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van Remgro;
"Remgro Investments"	Remgro Investments (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 1950/038274/07), 'n privaatmaatskappy ingelyf ingevolge die wette van Suid-Afrika en die voordelige eienaar van 16 442 602 van die tesourie-aandele;

"Remgro gewone aandele"	gewone aandele van 1 sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van Remgro;
"Remgro aandeelhouers" of "aandeelhouers"	die houers van Remgro aandele;
"Remgro aandele"	gesamentlik, Remgro gewone aandele en Remgro B aandele;
"SEBD"	Sentrale Effekte Bewaardeelnemer;
"SENS"	die nuusdiens van die JSE;
"Suid-Afrika"	die Republiek van Suid-Afrika;
"the spesifieke terugkoop"	die terugkoop en kansellasie deur Remgro van die tesourie-aandele in terme van artikel 85 van die Wet;
"STRATE"	STRATE Beperk (registrasienommer 1998/022242/06), 'n publieke maatskappy ingelyf ingevolge die wette van Suid-Afrika en 'n geregistreerde sentrale sekuriteite bewaarplek in terme van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet 36 van 2004);
"Tegmyn"	Tegniese Mynbeleggings Beperk (registrasienommer 1969/001910/06), 'n publieke maatskappy ingelyf ingevolge die wette an Suid-Afrika en die voordelige eienaar van 7 169 602 van die tesourie-aandele;
"tesourie-aandele"	die 37 691 443 Remgro gewone aandele gehou deur die filiale;
"volmagvorm"	die blou volmagvorm ingesluit by en wat deel vorm van hierdie omsendbrief; en
"die Wet"	die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), soos gewysig.

Remgro
Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480

G D de Jager[1]
P K Harris[1]
E Molobi[1]
J F Mouton[1]
D Prins[1]
F Robertson[1]

J P Rupert[2] *(Voorsitter)*
Dr E de la H Hertzog[2] *(Ondervoorsitter)*
P E Beyers[2]
J W Dreyer[2]

M H Visser[3] *(Hoofuitvoerende Beampte)*
W E Bührmann[3]
D M Falck[3] *(Finansiële Direkteur)*
J A Preller[3]
T van Wyk[3]

[1] Onafhanklike nie-uitvoerende direkteure

[2] Nie-uitvoerende direkteure
[3] Uitvoerende direkteure

Omsendbrief aan Remgro aandeelhouers

1. Inleiding

Die doel van hierdie omsendbrief is om inligting aan Remgro aandeelhouers te verskaf met betrekking tot die spesifieke terugkoop en om 'n algemene vergadering byeen te roep waartydens aandeelhouers kan stem oor die spesiale besluit om die spesifieke terugkoop te implementeer.

2. Redes vir die spesifieke terugkoop

Sedert 26 Julie 2002 het Remgro, deur middel van die filiale, sy eie aandele gekoop. Die terugkope is gedoen in terme van algemene magtigings wat jaarliks aan Remgro en die filiale gegee is deur hul onderskeie aandeelhouers.

Op die laaste praktiese datum het die tesourie-aandele 7.75% van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Remgro uitgemaak. In terme van artikel 89 van die Wet mag filiale slegs tot 'n maksimum van 10% van die totale aantal uitgereikte aandele van hul houermaatskappy hou. Aangesien die hoeveelheid tesourie-aandele die perk van 10% nader, is Remgro se vermoë om sy eie aandele deur middel van sy filiale te koop beperk. Ten einde nuwe kapasiteit vir Remgro te skep om verdere Remgro aandele deur middel van sy filiale te koop, het die direksie besluit dat Remgro die tesourie-aandele van sy filiale moet terugkoop. Die tesourie-aandele sal, na die teruggekoop, gekanselleer word as uitgereikte aandele en herstel word na die status van gemagtigde maar onuitgereikte aandele. Die kansellasie van die tesourie-aandele, na hulle terugkoop, sal nie veroorsaak dat Remgro in stryd is met die aandeelhouerverspreidingsvereistes van die JSE nie.

3. Die spesifieke terugkoop

Die spesifieke terugkoop sal gedoen word teen 'n prys van R120.00 per Remgro gewone aandeel, wat die sluitingsprys was vir Remgro op die JSE op 17 Januarie 2006. Die spesifieke terugkoop sal geen finasiële effek op Remgro of sy aandeelhouers hê nie, behalwe ten opsigte van transaksiekoste wat normaalweg in transaksies van hierdie aard aangegaan word, naamlik ongesertifiseerde sekuriteitebelasting, binnekennistransaksieheffings, makelaarsfooie, BTW en die STRATE fooi. Aangesien die terugkoop intragroep plaasvind, sal geen kontant aangewend word vir die spesifieke terugkoop nie. Sodra die tesourie-aandele teruggekoop is, sal aansoek gedoen word by die JSE vir die denotering daarvan.

In terme van die Noteringsvereistes en die bepalings van die Wet, sal die filiale uitgesluit word van die stemming ten opsigte van die spesiale besluit van aandeelhouers wat benodig word om die spesifieke terugkoop te magtig.

4. Voldoende kapitaal

Die direkteure van Remgro het die impak van die spesifieke terugkoop oorweeg en is van mening dat:

- die Maatskappy en die groep in staat sal wees om, in die gewone loop van besigheid, hul skulde vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van goedkeuring van hierdie omsendbrief, te betaal;
- die bates van die Maatskappy en die groep hul laste vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van goedkeuring van hierdie omsendbrief sal oorskry. Vir hierdie doel word die bates en laste erken en waardeer in ooreenstemming met die rekenkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van die Maatskappy en die groep se nuutste geouditeerde finansiële jaarstate;
- die Maatskappy en die groep voldoende aandelekapitaal en reserwes vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van goedkeuring van hierdie omsendbrief; en
- die bedryfskapitaal van die Maatskappy en die groep voldoende sal wees vir gewone besigheidsdoeleindes vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van goedkeuring van hierdie omsendbrief.

5. Wesenlike aandeelhouers

Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk hou al die Remgro B aandele.

Aandeelhouers wat 'n voordelige belang van 5% of groter aandeelhouding in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van Remgro op 31 Desember 2005 gehad het, was die volgende:

Naam van aandeelhouer	Aantal aandele	Persentasie van uitgereikte aandelekapitaal
Public Investment Commissioner	59 923 778	12.32
Sanlam	38 817 023	7.98
Old Mutual Life Assurance Company SA	34 449 161	7.08
Totaal	133 189 962	27.38
B gewone aandele		
Rembrandt Trust (Edms) Beperk	35 506 352	100

6. Wesenlike verandering

Daar was geen wesenlike verandering in die bedrywighede of finansiële posisie van Remgro sedert die publikasie van die ongeouditeerde tussen finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2005, nie.

7. Belange van direkteure in Remgro aandele

Die belange van die direkteure in die gewone aandelekapitaal van Remgro soos op 31 Maart 2005 word hieronder uiteengesit:

	Direk		Indirek			Persentasie van uitgereikte aandele-kapitaal
	Voordelig	Nie-voordelig	Voordelig	Nie-voordelig	Totaal	
P E Beyers	34 024	–	9 000	–	43 024	
W E Bührmann	38 027	–	–	–	38 027	
G D de Jager	28 740	–	108 300	–	137 040	
D M Falck	200	–	18 133	–	18 333	
P K Harris	–	–	57 118	–	57 118	
E de la H Hertzog	228 245	–	1 614 564	4 484	1 847 293	
E Molobi	174	–	–	–	174	
J F Mouton	–	–	20 000	–	20 000	
J A Preller	26 141	–	–	–	26 141	
F Robertson	–	–	1 000	–	1 000	
Johann Rupert	–	–	270 001	–	270 001	
T van Wyk	76 926	–	–	–	76 926	
M H Visser	–	–	244 649	–	244 649	
	432 477	–	2 342 765	4 484	2 779 726	0.57

Die belange van die direkteure in die gewone aandelekapitaal van Remgro soos op die laaste praktiese datum word hieronder uiteengesit:

	Direk		Indirek			Persentasie van uitgereikte aandele-kapitaal
	Voordelig	Nie-voordelig	Voordelig	Nie-voordelig	Totaal	
P E Beyers	45 024	–	12 000	–	57 024	
W E Bührmann	223 256	–	–	–	223 256	
G D de Jager	38 740	–	108 300	–	147 040	
D M Falck	200	–	18 133	–	18 333	
P K Harris	–	–	57 118	–	57 118	
E de la H Hertzog	228 245	–	1 671 903	4 484	1 904 632	
E Molobi	174	–	–	–	174	
J F Mouton	–	–	20 000	–	20 000	
J A Preller	26 141	–	–	–	26 141	
F Robertson	–	–	1 000	–	1 000	
Johann Rupert	–	–	270 001	–	270 001	
T van Wyk	76 926	–	–	–	76 926	
M H Visser	–	–	733 945	–	733 945	
	638 706	–	2 892 400	4 484	3 535 590	0.79

8. Aandelekapitaal van Remgro

Die onderstaande tabel sit die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van Remgro voor en na die spesifieke terugkoop uiteen:

	R'm
Gemagtig	
512 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	5.1
40 506 352 B gewone aandele van 10 sent elk	4.1
Uitgereik – voor die spesifieke terugkoop	
486 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	4.9
35 506 352 B-gewone aandele van 10 sent elk	3.5
37 691 443 gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	0.4
Uitgereik – na die spesifieke terugkoop	
448 802 207 gewone aandele van 1 sent elk	4.5
35 506 352 B gewone aandele van 10 sent elk	3.5
Nul tesourie-aandele	0

9. Litigasieverklaring

Daar is geen regs- of arbitrasieverrigtinge, insluitend verrigtinge wat hangende of dreigend is, waarvan Remgro bewus is, wat 'n wesenlike effek op die finansiële posisie van Remgro in die twaalf maande tydperk voor die datum van hierdie omsendbrief, mag hê of gehad het nie.

10. Verantwoordelikheidsverklaring van direkteure

Die direkteure wie se name vermeld word op bladsy 6 van hierdie omsendbrief, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting vervat in hierdie omsendbrief aangaande Remgro en sertifiseer dat, na die beste van hulle kennis en wete, daar geen wesenlike feite nagelaat is wat enige verklaring in hierdie omsendbrief vals of misleidend maak nie, en dat hulle alle redelike navrae in hierdie verband gedoen het en dat hierdie omsendbrief alle inligting vervat soos regtens en deur die Noteringsvereistes vereis.

11. Dokumente ter insae

Afskrifte van die volgende dokumente sal beskikbaar wees vir insae by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy gedurende besigheidsure vanaf die datum van uitreiking van hierdie omsendbrief tot die dag van die algemene vergadering:

- die akte van oprigting en statute van Remgro;
- die toestemmingsbriewe vanaf die adviseurs; en
- 'n getekende kopie van hierdie omsendbrief.

In opdrag van die direksie

REMGRO BEPERK

M H Visser
Hoofuitvoerende Beampte

M Lubbe
Maatskappysekretaris

8 Februarie 2006

Geregistreerde kantoor

Carpe Diem Kantoorgebou
Tegnopark
Stellenbosch, 7600
(Posbus 456, Stellenbosch, 7599)

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services 2004 (Eiendoms) Beperk
Grondvloer
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Remgro
Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro" of "die Maatskappy")

Kennisgewing van 'n algemene vergadering

Kennis word hiermee gegee dat 'n algemene vergadering van die Maatskappy se aandeelhouers ("die algemene vergadering") gehou sal word om 10:00 op Donderdag 2 Maart 2006 in die Konservatorium, Huis van JC Le Roux, Devon Valleyweg, Stellenbosch, met die doel om die volgende besluit te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem:

Spesifieke magtiging om tesourie-aandele terug te koop

Spesiale Besluit Nommer 1

Besluit dat die direksie van die Maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n spesifieke magtiging, om in terme van artikel 85 van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig:

- 14 079 239 Remgro gewone aandele van een sent elk van Partnership in Mining Beperk;
- 7 169 602 Remgro gewone aandele van een sent elk van Tegniese Mynbeleggings Beperk; en
- 16 442 602 Remgro gewone aandele van een sent elk van Remgro Investments (Eiendoms) Beperk,

te koop, welke maatskappye almal volfiliale van Remgro is, teen 'n prys van R120.00 per aandeel, wat die sluitingsprys was vir Remgro op die JSE Beperk op 17 Januarie 2006.

Die direksie van die Maatskappy is van mening dat, na oorweging van die effek van die spesifieke terugkoop:

- die Maatskappy en die groep in staat sal wees om, in die gewone loop van besigheid, hul skulde vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van die spesifieke terugkoop te betaal;
- die bates van die Maatskappy en die groep hul laste vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van die spesifieke terugkoop sal oorskry;
- die Maatskappy en die groep voldoende aandelekapitaal en reserwes vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van die spesifieke terugkoop;
- die bedryfskapitaal van die Maatskappy en die groep voldoende sal wees vir gewone besigheidsdoeleindes vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum van die spesifieke terugkoop.

Redes vir en effek van Spesiale Besluit Nommer 1

Die rede vir en effek van Spesiale Besluit Nommer 1 is om aan die direksie van die Maatskappy 'n spesifieke magtiging te verleen om die terugkoop deur die Maatskappy van 37 691 443 gewone aandele van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy vanaf Partnership in Mining Beperk, Tegniese Mynbeleggings Beperk en Remgro Investments (Eiendoms) Beperk goed te keur, welke maatskappye almal volfiliale van Remgro is.

Stemming en gevolmagtigdes

'n Aandeelhouer wat geregtig is daarop om die algemene vergadering by te woon en daartydens te stem, is daarop geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te wys om in sy/haar plek die vergadering by te woon, daarop te praat en te stem. 'n Gevolgmatigde hoef nie 'n lid van die Maatskappy te wees nie. Gerieflikheidshalwe word daar vir geregistreerde gesertifiseerde aandeelhouers of aandeelhouers wie se aandele gedematerialiseer is en in hul eie naam geregistreer is, 'n volmagvorm *(blou)* hierby ingesluit. Behoorlik voltooide volmagvorms moet die geregistreerde kantoor van die Maatskappy of die oordragsekretaris bereik teen 10:00 op Dinsdag 28 Februarie 2006, by die onderstaande addresse.

Elke persoon teenwoordig en geregtig daarop om te stem tydens die algemene vergadering sal, by 'n stemming by wyse van die opsteek van hande, een stem hê en by 'n stemming by wyse van stembriewe, een stem vir elke gewone aandeel gehou of verteenwoordig.

Aandeelhouers wat hul aandele gedematerialiseeer het en nie in eie naam geregistreer is as lede van die maatskappy nie, moet hul sentrale effektebewaarnemer-deelnemer ("SEBD") of makelaar van hul stemopdragte voorsien indien hulle nie die algemene vergadering sal kan bywoon nie en verlang om daar verteenwoordig te word. Gedematerialiseerde aandeelhouers sonder eie naam registrasie moet hul SEBD of makelaar kontak in verband met die afsnytyd vir stemopdragte. Indien sulke aandeelhouers egter self die algemene vergadering wil bywoon, moet hulle hul SEBD of makelaar versoek om die nodige magtiging aan hulle te voorsien ooreenkomstig die ooreeenkoms tussen hulle en hul SEBD of makelaar.

In opdrag van die direksie.

M H Visser
Hoofuitvoerende Beampte

M Lubbe
Maatskappysekretaris

Stellenbosch
8 Februarie 2006

Geregistreerde kantoor

Carpe Diem Kantoorgebou
Tegnopark
Stellenbosch, 7600
(Posbus 456, Stellenbosch, 7599)

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services 2004 (Eiendoms) Beperk
Grondvloer
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

GEDRUK DEUR INCE (EDMS) BPK

Remgro
Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro" of "die Maatskappy")

Volmagvorm

Hierdie volmagvorm is slegs vir gebruik deur geregistreerde aandeelhouers en aandeelhouers wat hul aandele gedematerialiseer het met "eie naam"-registrasie en wie nie die algemene vergadering van aandeelhouers ("die algemene vergadering") wat op Donderdag 2 Maart 2006 om 10:00 in die Konservatorium, Huis van JC Le Roux, Devon Valleyweg, Stellenbosch gehou word persoonlik kan bywoon nie.

Gedematerialiseerde aandeelhouers moet hulle sentrale effektebewaarnemer-deelnemer ("SEBD") of makelaar van hul stemopdragte voorsien. Gedematerialiseerde aandeelhouers wat persoonlik die algemene vergadering wil bywoon, moet die nodige toestemming van hul SEBD of makelaar verkry.

Ek/Ons _____

(Naam in BLOKLETTERS)

van (adres) _____

die houer(s) van (sien aanwysings): [ ] gewone aandele in die kapitaal van Remgro, stel hiermee aan

1. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,

2. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,

3. die voorsitter van die algemene vergadering,

as my/ons gevolgmagtigde aan om namens my/ons die algemene vergadering by te woon en daar, of by enige verdaging daarvan, namens en ten behoewe van my/ons te praat, te stem of buite stemming te bly met betrekking tot die besluit wat oorweeg sal word tydens die algemene vergadering, soos hieronder aangedui.

	Ten gunste van	**Teen**	**Buite stemming**
Spesiale Besluit Nommer 1 (spesifieke terugkoop van aandele)			

Nota: Dui asseblief met 'n "X" of die aantal aandele in die spasie hierbo aan hoe u stemme aangewend moet word. As geen indikasie gegee word nie, sal die gevolgmagtigde stem of buite stemming bly volgens sy/haar eie diskresie.

'n Gewone aandeelhouer van die Maatskappy wat geregtig is om die algemene vergadering by te woon en te stem het die reg om 'n gevolmagtigde te benoem om die algemene vergadering in sy/haar plek by te woon en daartydens te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.

Elke persoon teenwoordig en geregtig om te stem by die algemene vergadering het slegs een stem by die opsteek van hande, en wanneer per stembrief gestem word, een stem vir elke gewone aandeel gehou of verteenwoordig.

Geteken te _____ op _____ 2006

Handtekening/e _____

Naam in BLOKLETTERS (volle name indien in 'n verteenwoordigende hoedanigheid teken – sien nota 8)

Bygestaan deur (waar van toepassing) (dui aan hoedanigheid en volle name) _____

Lees asseblief die aanwysings op die keersy hiervan.

Aanwysings vir teken en indiening van hierdie volmagvorm

1. Hierdie volmagvorm moet slegs gebruik word deur gesertifiseerde aandeelhouers en aandeelhouers wat hul aandele gedematerialiseer het en in hulle eie naam in die elektroniese subregister van aandeelhouers geregistreer is.

2. Alle ander aandeelhouers wat hul aandele gedematerialiseer het deur middel van 'n SEBD of makelaar en wat verlang om die algemene vergadering by te woon, moet die SEBD of makelaar van steminstruksies voorsien volgens die ooreenkoms tussen hulle en die SEBD of makelaar.

3. 'n Aandeelhouer mag die naam/name van een of meer gevolgmagtides, welke gevolmagtigdes nie lede van die Maatskappy hoef te wees nie, invoeg in die spasies voorsien op die keersy met of sonder deurhaling van "die voorsitter van die algemene vergadering". Die naam van die persoon wat eerste op die volmagvorm verskyn en wat aanwesig is by die algemene vergadering is geregtig om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die persone wie se name daarna volg. Indien geen sulke name ingevoeg is nie, sal die volmag deur die voorsitter van die algemene vergadering uitgeoefen word.

4. 'n Aandeelhouer moet sy/haar stemopdragte aan die gevolmagtigde aandui deur 'n "X" of die aantal stemme in die toepaslike spasies in te vul. By gebrek hieraan sal dit geag word dat die gevolmagtigde by die algemene vergadering mag stem of buite stemming bly soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die stemme waarop die aandeelhouer geregtig is. 'n Aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme te gebruik nie, maar die totaal van stemme wat uitgeoefen word, of dié ten opsigte waarvan daar buite stemming gebly word, mag nie die totale aantal stemme oorskry waarop die aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigde geregtig is nie.

5. Ten einde geldig te wees moet voltooide volmagvorms ingelewer word by die maatskappy se geregistreerde kantoor of oordragsekretaris teen 10:00 op Dinsdag 28 Februarie 2006.

6. Die voltooiing en inlewering van hierdie volmagvorm sal nie die aandeelhouer belet om, indien hy/sy so sou verkies, die algemene vergadering by te woon en self daar te praat en te stem in plek van die gevolmagtigde wat deur hom/haar aangewys is nie.

7. Die voorsitter van die algemene vergadering mag enige volmagvorm wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge voltooi is nie, aanvaar indien hy tevrede is dat die aandeelhouer se wense ten opsigte van die uitoefening van sy stemme, nagekom word.

8. Persone wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet dokumentêre bewys van sodanige magtiging aan die volmagvorm heg, tensy dit reeds by die oordragsekretaris ingelewer en aangeteken is, of die voorsitter van die algemene vergadering daarvan afstand gedoen het.

9. Die voorsitter sal geregtig wees om die magtiging van 'n persoon te verwerp wat die volmagvorm onderteken:

   9.1 in terme van 'n volmag; of

   9.2 namens 'n maatskappy,

   tensy daardie persoon se volmag of magtiging ingedien word by die geregistreede kantoor of oordragsekretaris van die Maatskappy nie minder nie as 48 uur voor die algemene vergadering.

10. Waar aandele gesamentlik gehou word, moet al die gesamentlike houers die volmagvorm onderteken.

11. 'n Minderjarige moet bygestaan word deur sy/haar ouer of voog tensy dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid staaf gelewer word of reeds by die oordragsekretaris aangeteken is.

12. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie volmagvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.

13. By 'n stemming by wyse van die opsteek van hande, het elke aandeelhouer persoonlik teenwoordig of verteenwoordig deur 'n gevolgmagtigde een stem, ongeag die hoeveelheid aandele wat hy/sy hou of verteenwoordig.

14. Wanneer per stembrief gestem word, is elke aandeelhouer persoonlik teenwoordig of verteenwoordig deur 'n gevolgmagtigde geregtig op een stem vir elke gewone aandeel gehou.